

Altruïsme

Dr Petrus Moolman

In vlak 1 Covid-19 afsondering, September 2020

Ek kyk onlangs na 'n video-opname van 'n toespraak deur 'n wêreldbekende filosoof. In haar aanbieding tref die woord "altruïsme" my weer. In die omgangstaal sou mens kon praat van "onselfsugtigheid", soos die HAT doen. Ek verkies die woord "selfloosheid". Ek dink dit is sterker en gee die woord altruïsme 'n dieper betekenis. Altruïsme verwys na die ingesteldheid om uit te reik na die nood van ander, maar sonder om jousef en dit wat jy ervaar en wie jy geag word, in berekening te bring. Jy verloor jousef. Of, soos Jesus dit gestel het, jy verloën jousef in daardie oomblik. Vir die moment ken jy jousef letterlik nie meer regtig nie. Jou eiebelang sterf. Jou persoonlike voorkeure, en enige vooroordeel verdwyn. Jy gee jousef onvoorwaardelik vir die nood van iemand anders (Matt. 16:24-26). Jy het regtig iemand anders geword – nie jou "normale" self nie. Byna soos die wildeweideo wat ek eenmaal gesien het van 'n leeu wat 'n bok as prooi vang. 'n Buffel, heeltemal 'n ander spesie as die prooi, bestorm die leeu met sy sterk horings en gaffel die leeu die lug in. Die bok gaan vry. Die verwonde leeu blaas sterwend (dink ek), die aftog. Vreemd.

Delf jy bietjie dieper in die verskynsel van altruïsme, of volkome selfverlies, ontdek jy dat daar veral in die menswetenskappe baie nagedink en nagevors word oor dié gedrag van 'n mens. Iets gebeur met iemand wat selfloos optree. Dit word van iewers gemotiveer en het oorsake en gevolge. Byna asof dit vreemd moet wees, terwyl die Bybel sê dit is in die nuwe aard van die herstelde mens! Dit is maar net 'n bewys van jou Godsbeeldraer-karakter. Dit behoort nie vreemd te wees nie. God het dit so bedoel met sy verteenwoordigers op aarde. Hulle moet iets van sy selfloosheid vertoon. In Hom verloor hulle hulself ter wille van ander – selfs al is die "ander" 'n totale vreemdeling.

Jesus vertel mos so 'n storie. Dis die verhaal van 'n barmhartige Samaritaan. Anders as die wettiese godsdiensteleiers, wat uitverkoop is aan hulle selfgeformuleerde reëls

en regulasies en wat hulle verhoed om 'n mens in nood te help, is hy onvoorwaardelik selfloos in sy optrede. Hy vergeet wie hy is en geag word. Hy sien nie die nasionaliteit van die verwonde raak nie, hy sien die nood. Hy beperk hom nie net tot die reddingsdaad nie. Hy gaan verder en maak ook voorsiening vir die nasorg. Hy doen alles en nog meer as wat mens normaalweg sou doen. Verder as die gewone krisisonlonting. Hy maak voorsiening vir heling. Dit staan teenoor wat die "altruïstiese paradoks" genoem word. Mens verwag eintlik van mense om ander te help om net hulleself te bevoordeel. Dit is die neiging, maar altruïsme lyk juis anders. Daar is mense wat ander help ter wille van die ander se behoefte. Mense wat selfloos is by die nood van ander.

Watter oorwegings geld in altruïstiese optrede? Waarom doen mense dit – wat motiveer hulle? Daar bestaan heelwat teorieë. Om net 'n paar te noem:

- Mense help soms juis uit egoïstiese oorwegings. Om self iets daaruit te ontvang. Ons hoor dit dikwels met betrekking tot ons dankoffer: *Ek gee, want as ek gee sal ek terug ontvang*. Ander gee omdat dit hulle beter laat voel. Hulle voel nie so skuldig soos wanneer hulle nie gee nie. Of wat genoem word pro-sosiale oorwegings. Ons sien dit veral in die politieke arena. Hulle doen goed om stemme te werf en daarby te baat.
- Groot krisisse en rampe laat mense soms neig tot altruïsme – aanvanklik onvoorwaardelik en selfloos. Wanneer die krisis verby is, kom die eintlike karakter van die goeie gewer dikwels na vore. Ek dink byvoorbeeld aan die vloede in Mosambiek in 1985. 'n Swanger vrou klou vir haar lewe in die takke van 'n hoë boom. Sy skenk geboorte in die boom en word deur 'n helikopter van die SA Lugmag gered. Almal is trots. Die vloede was pas verby, toe tipies-rassistiese grappies van dié "heldedaad" die rondte begin doen.
- In sommige lande kan orgaanskenkers bepaal wie hulle organe moet kry na hulle dood – normaalweg dan gekoppel aan dieselfde etniese, godsdiens- of kultuurgroep. Nie vreemdelinge nie.
- Terwyl godsdienstige oorwegings dikwels 'n belangrike rol speel in lande waar godsdienste prominent en minder divers is, is die neiging tot altruïsme in

sulke lande egter, dat nie-gelowiges juis meer geneë is om na vreemdes uit te reik as gelowiges.

Miskien is die beste vir die Christengelowige, om die voorbeeld te volg van die mees selflose Persoon en die mees selflose daad in die geskiedenis. God, verlaat die hemelse Koninklike omgewing en status, word mens in die Persoon van Jesus en kom sterf aan 'n kruis in elke sondaar se plek – sodat ons weer met God versoen kan wees. Hy kom gee Homself Selfloos, onvoorwaardelik en vir almal. Sonder vergoeding of teenprestasie, sonder enige voordeel vir Homself. Hy het nie redding nodig nie, net die sondaar het. Die Sondaar ontvang dit van 'n Selflose Jesus. Goddelike, hemelse altruïsme by uitnemendheid. En al wat Hy vra is: Gaan doen dieselfde!

Selflose reaksie is 'n bewys dat die gelowige volgeling van Jesus dit verstaan. Covid-19 en die hantering van die pandemie regoor die wêreld en plaaslik, se vernietigende gevolge, laat ons met nuwe oë na ander se nood kyk: God se oë en sy selflose hart. Gehoorsaamheid is om Jesus in selfloosheid na te volg...

Vir die wat dalk verder wil lees, 'n paar resente artikels:

Bennett, M.R. & Einolf, C.J. 2017. Religion, Altruism, and Helping Strangers: A Multilevel Analysis of 126 Countries. *Journal for the Scientific Study of Religion* 56(2):323-341.

Butovskaya, M.L., Burkova, V.N. & Karelin, D.V. 2020. Does Friendship Matter? Sharing, Fairness and Parochial Altruism in African Children and Adolescents. *Social Evolution & History*, 19(1):89–112.

Fultz, J. & Schafer, E.D. 2019. Altruism. *Salem Press Encyclopedia of Health*.

Rabinowich, A. & Jotkowitz, A. 2018. Altruism and Religion: A New Paradigm for Organ Donation. *Journal of Religion and Health* (7:360–365).

Underhill, K. 2019. Price and Prejudice: An Empirical Test of Financial Incentives, Altruism, and Racial Bias. *Journal of Legal Studies*, 48:245-274.